



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Staatsleer 320 (STL 320)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Fakulteit</b>	<a href="#">Fakulteit Geesteswetenskappe</a>
<b>Modulekrediete</b>	30.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge</a> <a href="#">BA</a> <a href="#">BA Regte</a> <a href="#">BPolSci Internasionale Studies</a> <a href="#">BPolSci Politieke Studies</a> <a href="#">BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies</a> <a href="#">BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie</a>
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	PTO 101, STL 210(GS), STL 220(GS), 310(GS)
<b>Kontaktyd</b>	3 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politieke Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 2

### Module-inhoud

#### Deel 1: Demokratiese studies

'n Hoë-vlak kritiese analise van demokratiese teorie en praktyk. Die analise van demokratiese teorie sal temas soos die klassieke, radikale, deliberatiewe en feministiese perspektiewe insluit. Die analise van demokratiese praktyk sal aspekte insluit soos demokratisering, demokratiese konsolidasie, demokratiese burgerskap en samelewing, die rol en belang van die burgerlike gemeenskap, die instellings en prosedures vir demokrasie en "goeie regering".

#### Deel 2: Politieke analise

Die metodiek en praktyk van politieke analise is die fokus van die studie. Die beginsels en problematiek onderliggend aan verskillende benaderings en metodes van politieke analise word beskryf en verduidelik. Dit sluit die aard, metodes en gebruik van vergelykende analise, vooruitskouing, risiko-analise, prestasie-evaluering en die politieke oudit in. Hierdie analitiese metodes word in die politieke en beleidskonteks geplaas, met beklemtoning van die praktiese waarde daarvan. Daar word deurgaans van toepaslike voorbeelde en gevallestudies gebruik gemaak.



Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.